# Taffienuus: Februarie 2024

**Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede**

Ek kan amper nie glo dat ek besig is om die 2de nuusbrief van die jaar te skryf nie. Ons is nou in die warmste gedeelte van die jaar en dit bied natuurlik baie Foto uitdagings. Dis die tyd van vroeg opstaan en heerlike "dou voor dag" foto's neem. Wat Feb. besonders maak is dat ons op die 13 de ons eerste Vaardigheidsaand het en dat dit 'n hibriede byeenkoms is (Zoom en fisiese byeenkoms by Logos Kerk). Ons wil almal vra om dit goed by te woon. Ons was lanklaas bymekaar en dit sal lekker wees om na die tyd 'n koppie tee/koffie saam te drink. Dit sal ook lekker wees om van ons nuwe lede in persoon te ontmoet.

In 'n artikel oor Straatfotografie herinner die skrywer vir fotograwe om altyd 'n kamera by jou te hê – Groot "keepers" (foto's wat jy wil hou) is al gemis omdat ons soms te lui is om ons kameras saam te neem. Die kort en die lank is – Ons behoort altyd 'n kamera naby te hê!

## 1. KLUB PRESTASIE:

### 1.1 Uitslae van ander kompetisies:

- Manie Wessels het aan MOTIVA Photo Art Circuit deelgeneem. Hy het 19 aanvaardings ontvang.
- Mariana Visser het 1 aanvaardings by die Miracle Image 2024 salon ontvang.

### 1.2 Salonuitslae (vir 2023-2024 Impala jaar)

- Ons het die volgende uitslae vir aanvaardings in die Nasionale Salonne van PSSA ontvang: Die totale is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het.

| | 4TH SHPC |
|---|---|
| | Aanvaardings |
| Neels Beyers | 4 |
| Louise de Lange | 2 |
| Philip de lange | 1 |
| Christo Giliomee | 1 Meriete en 3 |
| Quintus Heine | 2 Meriete en 2 |
| Dixon Norval | 5 |
| Theo Potgieter | 1 Meriete en 6 |
| Juliana van Dyk | 4 |
| Mariana Visser | 5 |

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie. Tafklub is baie trots op elke lid wat so presteer.**

## 2. WEN-FOTO'S VAN Januarie 2024- Tema – Vaste kategorie: Hande

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Familieportret: Adriaan van Zyl**<br>**Wenner: Vaste en Maand wenner** | **Hands in Time: Dixon Norval**<br>**2de: Vaste** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Enchanting Nature: Anrè Uys**<br>**Wenner : Ope en Junior Wenner** | **Orange -Snow Dahlia: Louise de Lange**<br>**2de : Ope** |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!! Dis baie goeie foto's!**

## 3. PROGRAM 20

- Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. www.tafklub.co.za.

## 4 FEBRUARIE 2024: BYEENKOMSTE

### 4.1 Vaardigheid.

- **Kreatiewe fotografie**: Heelwat van ons lede het 'n belangstelling hierin en wil graag verder ontwikkel. Dit bied ook vir ander lede weer 'n geleentheid om blootgestel te word aan nuwe genre. Om dit te doen het ons op 17 Jan na Martin Dudley (Barber) geluister waar hy met ons gaan gesels oor "Alternatiewe realiteit" in fotografie. **Dit word opgevolg op 13 Feb. met 'n gesprek deur David Barnes oor die hantering van Photoshop in kreatiewe fotografie**. (dit is 13de en nie 6de)
- **Dit is ons eerste Hibriede byeenkoms van die jaar (Zoom en fisies) Ons wil vriendelik versoek dat soveel moontlik mense dit sal bywoon.**
- In Maart gaan daar in opvolg van die vaardigheidsaande 'n werksgroep vir **"Composites"** begin word. Hierdie groep sal olv Theo Potgieter en Marianna Visser staan. Hulle gaan mense wat graag die genre verder wil ontgin begelei. Hulle sal later meer daaroor laat weet.
- **Uitstappies: ons eerste uitstappie is op 6 Feb.** Waar klublede 'n middag balletkonsert bywoon en kan kry om heerlik foto's te neem. Kontak Juliane hiervoor. Daar is ook op 17 Feb. 'n uitstappie by Mistico Perdeplaas(R80). Inligting hieroor is gereeld op ons Whatsapp groep.
- **Fotografie naweek: Ons fotografie naweek is 30 en 31 Aug.** by Lambertsbaai. Daar is baie fotogeleenthede soos: seevoëls, astro en baie meer. Laat weet vir Juliane as jy wil saamgaan – dan plaas sy jou op die reëlings- Whatsapp groep, wat daarvoor gestig is. Heelwat van die groep het laat weet dat hulle dit gaan meemaak. Jy moet net betyds jou eie verblyf bespreek, want dit is blomtyd.

### 4.2 Kompetisie Februarie

- Die maand se klubkompetisie is **20 Februarie** en die sluitingsdatum is **14 Februarie Die tema is: Straatfotografie.**
- **Vanaf Feb.- Mei sal van die kompetisie aande hibriede byeenkoms wees soos altyd met vaardigheid gedoen is. Sien die program**
- **Prints**: Vanaf Feb - Mei en ook Okt. en Nov. gaan ons ook hibriede (Zoom en fisies) kompetisiesaande hê sodat daar ook prints ingeskryf kan word. Frank Smith het ons Foto-kas vir prints geherkonstrueer – Reg vir al die prints. Baie baie dankie Frank!!

- **Verandering 'n kompetisie reëls:**
  - **Jy kan nou in enige van die twee/drie kategorieë drie foto's inskryf, maar steeds 'n maksimum van 4 foto's per kompetisie.**
  - **Die bestuur het ook besluit om in lyn met die gebruik in ander klubs nie meer oorsese salonaanvaardings in ag te neem vir ons klub punte nie. Die administrasie en kontrole is net baie moeilik. Ons sal egter graag daarvan wil kennis neem vir die nuusbrief en om jou prestasies te vier.**

## 5. Straatfotografie:

**Straatfotografie** is een van die genres wat almal graag wil doen. As jy vir mense vra watter genre sal jy ook nog wil doen – behalwe dit wat jou passie is, sal sommiges antwoord: Straatfotografie. Ek dink dit is omdat ons elke dag in die publiek beweeg en mense se gedrag ons fassineer. Hoeveel keer het jy al in die "straat" vir jouself gesê- Ek wens ek het my kamera by my gehad. Dit is hierdie maand ons tema in ons kompetisie**. Die belangrike is dat straatfotografie anders is as ander genre en dat dit meer aan die artistieke kant van fotografie is.**

**Wat is straatfotografie?** Straatfotografie is om "unposed seens" van menslike aktiwiteit (mense en/of hulle aktiwiteite) af te neem in publieke areas.

**Fotojoernalistiek** is nie dieselfde as straatfotografie) Hier gaan dit om nuuswaardige dinge /dokumenteerde gebeurtenisse af te neem.

Een van die sake wat Straatfotografie van ander genres onderskei is: Met straatfotografie is die storie die belangrikste en die tegniese korrektheid moet nie die storie verhinder nie. Jy kan dus 'n foto in straatfotografie kry waar die komposisie soms vreemd is, solank die storie behoue bly.
**In Straatfotografie gaan dit om die artistieke en die storie van die toneel. Dis die "fine art" van mense in die publiek.**

**In Straatfotografie kry jy "Fishers" en "Hunters"**. 'n Fisher is iemand wat sy kamera gereed hou op 'n plek en wag vir iemand om die foto 'n kunsgeleentheid te maak. (beplanning en wag is belangrik). Die meeste suksesvolle straatfotograwe val in die kategorie. Die Hunters daarenteen loop heeltyd rond en hoop om goeie foto te kry. Dit kan werk, maar professionele straatfotograwe sal vir jou uitwys dat hierdie metode tot minder "keepers" (foto's wat jy wil hou) lei.

**Toerusting** wat gewoonlik gebruik word, is meestal 28mm /35 mm "prime" lense. Natuurlik kan enige lens op jou bestaande dlsr/mirrorless gebruik word. Ek deel maar net wat mense sê wie se spesialiteit-staatfotografie is. Tipiese sak-grote straatfotografie kameras (wat jy altyd by jou moet hê) is die Fuji x100 f. Dit is 'n klein kamera met vaste lens (fixed) van 35mm. 'n Ander gewilde kamera is die Richo GR III met sy 28 mm vaste lens. Jy kan enige kamera gebruik, maar in straatfotografie wil jy nie die aandag op jou groot kamera laat val nie.

**Gaan lees gerus meer hieroor:**

**Hieronder is 3 skakels wat baie omvattend -tog op die man af verduidelik van straatfotografie. Dit het nogal vir my goeie oorsig en idees oor straatfotografie verskaf. Lees dit gerus**

**https://photographylife.com/what-is-street-photography**

**https://www.camerawarehouse.co.za/the-art-of-street-photography/**

**http://shooterfiles.com/2018/05/city-street-guides-by-f-d-walker-a-street-photography-guide-to-cape-town-south-africa/**

## 6. LEDEGELD 2024:

**Ledegeld vir 2024 is slegs R430 per persoon vir die hele jaar.** (skoliere en erelede uitgesluit). Dit is einde Feb. betaalbaar in die klub se bankrekening. Gee as verwysing die volgende: "ledegeld en jou naam en van." **Indien daar iemand is wat oor een of ander rede dit nie nou kan betaal nie – praat gerus met my, maar moet dit nie net los nie.** Indien daar lede is wat addisioneel wil betaal vir ons hulpfonds (om 'n 'ander lid te help –) is dit ook welkom. Om ons lede gelde so laag te hou, het ons later in 2024 weer 'n salon wat ons aanbied om ons fondse aan te vul.
Bankbesonderhede: ABSA Bank
Rekeningnaam: Tafelberg Fotografieklub
Rekeningnommer: 9149865821
Verwysing: Ledegeld (en) Naam & Van
Bewys van betaling: Bewys van betaling moet per e-pos gestuur word na tafklub@gmail.com.
Onthou as jy nie teen einde Feb. betaal het nie, kan jy nie verder deelneem aan klub se werksaamhede nie.

## 7. JAARVERGADERING 23 April 2024

Tafelberg Fotografieklub se jaarvergadering is op 23 April 2024. Hiermee word kennis gegee van die jaarvergadering net voor of na ons kompetisie aand

## 8. TEN SLOTTE:

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!!*
*Neem baie foto's!*

**Foto-groete**

**Quintus Heine**